Pretoria- 12 Augustus 2012

Skriflesing: Mattheus 26:57-68
Teks: **Mattheus 26:64b**
Heidelbergse Kategismus: Sondag 19
Sing- Ps. 68:13; Ps. 89:5,10; Ps. 118:7,8

Geliefde broeders en susters- Vanaf Christus se hemelvaart waarna ons so twee weke gelede gekyk het, bring ons belydenis ons vandag in die hemel. Binnekant die hemel, 'n geheime plek, maar dring ons belydenis in, nie omdat ons nuuskierig is nie, maar alleen op grond van hoe die Here ons deur sy Woord in sy hemel inbring. En dan is die opvallende dat die hemel nie ''n geïsoleerde plek is nie. Ons mense probeer so maklik om die hemel en so vir God Self af te skei van dit wat ons lewe elke dag raak. Dan klink die hemelse gedagtes, ook soos wat dit in ons belydenis staan, of dit maar net 'n droom kan wees. Die belydenis oor die hemel, oor Christus in die hemel, oor die sit aan die regterhand van God is nie 'n droom nie! Die werklikheid hiervan kan bykans nie in woorde omskryf word nie, want wie kan God se regering genoegsaam beskryf. Hy regeer as Hoof van sy kerk, Hy regeer as Koning van die wêreld. Hy sal as Regter regeer wanneer sy regterhand dan ook alle mense sal oordeel.

U hoor sy regterhand, maar nou lees ons Christus sit nou nog aan sy regterhand. God se hand wat alle dinge doen, so het ons ook mos in Sondag 10 waar dit gaan om God se voorsienigheid, drie-maal die hand van die Here bely. Daar en soos ook nou hier, weet ons dat God nie werklik 'n hand het nie. God is Gees en 'n Gees het nie 'n hand nie.
Al wat hierdie beeldspraak, hierdie simboliese uitdrukking vir ons wil sê, is dat dit wat ons met ons regterhand doen, dit doen die Here sonder dat Hy 'n hand het.

***

Die regterhand wys op 'n ereplek, Christus se ere posisie, dit is 'n simbool van Christus se majesteit. In 1 Konings 2:19 lees ons toe Salomo se ma sy regeer saal ingestap het, het hy haar ontmoet en *hy het op sy troon gaan sit en vir die moeder van die koning 'n stoel laat neersit en sy het aan sy regterhand plaasgeneem.* Ook in Ester het koning Ahasveros vir Haman aan sy regterhand laat sit. Hierdie Oosterse Ou-Testamentiese gebruik wys al op die sit aan die regterhand as 'n ere sitplek. Dieselfde plek verwysing word nou op figuurlike wyse op Jesus van toepassing gemaak met soveel meer gesag en heerlikheid, want ons het hier met die regterhand van God te doen. Jesus is met die heerlikheid en mag van God beklee. In 1 Petrus 3 die laaste vers lees ons dan ook *dat Jesus heengegaan het na die hemel en Hy aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is.*
Daarom kan ons bely **dat Christus Hom as die Hoof van sy Christelike kerk betoon, deur**

wie die Vader alles regeer. Daar is engele rondom Hom, Hy het die mag, in Hom is die krag.

***

In ons gelese gedeelte kom die feit dalk nog duideliker uit. Die kruis van Jesus lê nou maar ure voor Hom. In daardie oomblikke was daar seker groot stilte. Ons lees in vers 63 *Jesus het stilgebly.* En dan die almag woorde waarin Jesus uit die staat van die diepste vernedering vooruit gryp na die staat van die uiterste verhoging. *Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God.*……Jesus praat of dit alreeds werklikheid is…..*van nou af.* Hoe anders? Na sy Godheid is Jesus en sy Vader tog Een. Dit maak nie saak of die kruis en die verskriklike lyde en dood nog voor Hom lê nie. Al staan Hy nog gebonde, gevonnis, gespuug en gehoon, toe reeds sê Hy al, *van nou af* sal Hy die verhoging ingaan. *Hy sit aan die regterhand van die krag van God.*……

Dit is plek van die verhoging, maar ook die krag wat Hom daar gebring het lê alles saamgevat in die regterhand van God. En dan sit Hy nie net daar nie, maar die krag in die vers sê ook Jesus werk daar; Hy regeer. Hy sit en regeer. In Openbaring 2:1 lees ons dat Jesus in die hemel tussen die goue kandelaars wandelende is. Vroeër al het Stephanus by sy steniging ook Jesus se sit staan gemaak, want ons lees in Handelinge 7:55 – *Stephanus was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus staan aan die regterhand van God.* Dis vir ons duidelik, God regeer deur sy Seun, sy Seun regeer deur sy kerk. Alles gebeur vanuit die hemel deur die Heilige Gees wat nou by ons, rondom ons, in ons is.

Ons belydenis sê dan ook dat Jesus aan die regterhand van God **deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede uitstort…..**In die twee vrae bely ons terselfdertyd dat Christus nou in die hemel steeds Hoof is van ons as sy kerk. ’n Ander naam vir kerk bely ons ons is **Jesus se lede**. U ken sekerlik die Hoof-liggaam beeld baie goed, maar daaroor kan ’n mens nooit uitgepraat raak nie. Al is Christus in die hemel en ons op die aarde is daar dieselfde intieme verhouding tussen die Here en sy kerk as tussen ’n hoof en ’n liggaam. Wie van u kan sonder u hoof asemhaal, wie van u kan sonder u hoof eet, wie kan sonder sy hoof dink, wie kan iets doen sonder dat hy/sy ’n kop het? As u hoof dan vir u so belangrik is, u nie daarsonder kan lewe nie, soveel te meer is Jesus ons Hoof as ons sy kerk is. Geen ware kerk het lede of lidmate nie, maar die kerk moet altyd lede of lidmate van Christus wees. Kritiek op die kerk spruit dan baie keer voort uit ’n verkeerde kerk beeld en kerk begrip, of die kerk

dan nou kwansuis ’n organisasie is waaraan ek kan behoort of nie behoort nie, of soos party dit dan nou ook verstaan dat hulle by ’n kerk kan aansluit of selfs ’n kerk kan stig. Watter mens kan nou ’n kerk stig, want dan word die Gereformeerde Kerk mos nou self die hoof. Hoe belangrik is dit dat ons kerk begrip in orde sal kom dat ons as kerk al meer lede van Christus is. U kan nie lid wees van die Gereformeerde Kerk nie, dis nie moontlik nie! Uself moet gereformeerd wees. Dit kan nie op papier staan nie, maar dit moet in u lewe uitkom.

***

Daarom is hier dan ook die belydenis oor hemelse gawes. Gawes wat nie menslike gawes is nie, maar hemelse gawes. Geen mens kan die gawes dan ook besit nie, maar hierdie is gawes wat uitgestort word. Wanneer ons as mense oor die gawes praat moet ons die gawes in die hantering daarvan voortdurend aan hulle hemelse oorsprong verbind hou, dan sal dit baie verwarring uitskakel. Ook wanneer ons mense die gawes wil begin onderskei en opsommings daarvan probeer maak en selfs met die gawes wil begin roem dan kom ons later agter hoe naïef ons eintlik net nie is nie. Die kerk leef deur Christus en letterlik staan hier dat die lewe ’n stortbui van hemelse gawes is wat elke dag op die kerk uitgegiet word. Dit alles gebeur vanuit die hemel.

Ons as mense kan nie vir die kerk gawes gee nie, omdat ek as mens nou hierdie of daardie gawe ontvang het nie. Wie kan die druppels van ’n reënbui tel as die druppels op ons neergiet. So min kan ons hierdie hemelse gawes opsom. Om dit te probeer doen, is om die druppels van die see te probeer tel. Die Heilige Gees is op die kerk uitgegiet soos in ’n reënbui en die gawes aan Hom, die Heilige Gees verbonde is dalk nog baie meer as die druppels in die see. Die allereerste en grootste gawe wat God ons dan kon skenk en wat nou nog die grootste Gawe is, is die Heilige Gees Self. Die Heilige Gees werk nooit met reserwe nie en so word die hemelse gawes wat die Heilige Gees in ons uitstort nie geskenk om reserwe op te bou nie. Soveel te minder kan iemand dan in die gawes van die Gees roem.

***

Die feit dat Christus deur die Heilige Gees die hemelse gawes, in ons sy lede as kerk uitstort bring ons ook by die ander saak in ons belydenis **dat Christus ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar.** Jesus praat dan in ons teks met sy vyande dat juis hulle Hom sal sien sit aan die regterhand van die krag van God. So is Christus dan ook Koning van die wêreld. Die teuels van alle wêreldregerings is genadiglik stewig in sy hand. Soos daar dan gesê word dat God sorg ook vir die wêreldgeskiedenis wat die steierwerk vir die kerkgeskiedenis is. As dit nie vir hierdie beskerming van Christus was nie dan sou ons nie vir

'n oomblik kon bestaan nie. Voordat Christus dan ook met sy hemelvaart deur die regterhand van God verhoog is, het Hy sy mag geproklameer – *Aan my is gegee alle mag in die hemel en op aarde*. Efesiërs 1:20-22 onderstreep dan ook dat *God* sy *Seun laat sit het aan sy regterhand in die hemele en bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee.* Broeder en suster, hierdie is die nut wat die heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons nou uit die hemel bring.

***

Christus gaan ook nog weer Self uit die hemel kom. Die wederkoms van Christus is toekoms taal, maar as ons sy wederkoms bely dan het dit geheel en al op die hede betrekking. Ons word nou getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en dooies te oordeel. Dan kom Hy as Regter, dieselfde Jesus wat nou Hoof is van sy kerk, Koning van die wêreld. En wanneer die belydenis van Jesus se wederkoms ons aan die hart gryp dan is daar te veel om oor te praat. Die laaste deel van die Sondag afdeling sou ons eintlik in 'n aparte preek na moes kyk, soveel troos is daar in die wederkoms van Christus. Soos wat die stryd vir ons as kerk al moeiliker in hierdie wêreld sal word, so sal hierdie belydenis déél vir ons al meer 'n troos, 'n lied word. Ons kan praat van die loflied uit Heidelberg, hierdie lied uit die Heidelbergse Kategismus. 'n Lied van die bruid in die woestyn daar waar die kerk, Christus se bruid besig is om te stry. 'n Lied in die rookdampe van Armageddon as ons vanuit Openbaring sien dat die stryd van die bruid in die woestyn nog later in die geveg van Armageddon sal verander.

***

Vir die gelowige kind van God vir wie hierdie belydenis bedoel is, is daar geen verskrikking in Christus se wederkoms nie. Inteendeel dan sal alle skrik op 'n einde wees. Hierdie wêreld, hierdie land waarin ons leef, waaroor die toekoms vir ons nog steeds toegevou bly, kan ons met vreugde bekend maak, dat Christus se koms, Christus se toekoms vir ons nie toegevou is nie. Wie ook al die land regeer, vir daardie mense kan ons sê – CHRISTUS KOM. Vir onsself kan elke kind van die Here nou vir homself sê – RUS MY SIEL, JOU GOD IS KONING. Ons het dalk maklik daaroor gelees, maar daar word voortdurend in die Woord daarna verwys dat God in die hemel op sy troon sit. Selfs van Christus word gesê dat Hy aan die regterhand van God sit. So staan dit in Mattheus, in Handelinge, in Efesiërs en ook in Openbaring 5 lees ons *Hy het gekom en die boek* (die boek van die wêreldgeskiedenis; die wêreld verloop) die boek het Hy *geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit.* Die

feit dat daar staan dat God sit sê tog vir ons iets. Kom u die rustigheid agter. Die wêreld is onrustig, hoe onstuimig is ons land nie, hoe onderstebo is ons eie lewens nie baie keer nie, maar in die hemel lees ons, daar sit God. Die sit wys vir ons God is geheel en al in beheer. By God, rondom God, in die hemel is daar nou rustigheid….daar is die werklike vrede wat ons mense nou so na soek en so kan verdraai.

Hierdie vrede wil Christus deur sy wederkoms nou-al vir ons aanbied. Die hoofsin wanneer ons hierdie laaste deel van ons belydenis wil saamvat dan kan ons seker sê – **Ek verwag die Persoon, nl. Christus wat as Regter al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my saam met al die uitverkorenes na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem.** Moet nooit vergeet dat ons nog vyande het nie. By Gad het ons dit vanoggend so duidelik gehoor hoe moeilik en swaar stryd ons nog sal hê. Al wil die wêreld nou so graag alle vyande vriende maak. Christus se vyande word in ons belydenis ook ons vyande genoem. Daarvolgens moet ons optree. Dit vorm deel van die droefheid en die vervolging in die jammerdal waarop ons in die aarde lewe. Dit maak die verwagting na Christus al hoe meer gespanne.

Spanning wat opgewondenheid bring, want iemand wat in Christus is, deel is van sy kerk, ’n meelewende ledemaat van Jesus, daardie mens het niks om te vrees nie. nie. Laat ons ophou om bang te wees, vir onsself soveel vrese uit te dink en te veronderstel wat heeltemal onnodig is. ’n Mens wat Christus verwag moet reggeruk word juis deur sy gespanne gelowige verwagting, want ’n geloof wat sonder spanning gepaard gaan, oor daardie geloof hang daar seker ’n vraagteken, maar spanning wat sonder geloof gepaard gaan, daardie spanning ontaard so maklik in ’n verskriklike vrees wat dalk begrond kan wees, want Christus word dan glad nie daadwerklik verwag nie. Die dag as Christus sy plek aan die regterhand van God verlaat, dan kan ons maar weet Hy het vir ons plek gereed gemaak. U plek is dan reg. So sal u dan ook u plek ontvang.

AMEN.